Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
**Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za**

## 2025 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | AFRIKAANS FAL | | |
| **QUESTION PAPER** | 1 | | |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | 2 HOURS | | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **NAME OF THE INTERNAL MODERATOR** | **Liezl du Raan** | | |
| **NAME OF THE CHIEF MARKER** | **Ingrid van der Westhuizen** | | |
| **DATES OF MARKING** | **28 Nov to 10 DEC** | | |
| **HEAD OF EXAMINATION:** | **Mr EM Mabona** | | |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**


Hierdie vraestel is gemiddeld beantwoord. As die prestasievlakke (1-7) vergelyk word met dié van 2024, is dit duidelik dat leerdersvanjaar effens swakker in hierdie vraestel gevaar het.

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

**VRAAG 1**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Oor die algemeen het leerders 50% en hoër in Afdeling A (Vraag 1) behaal. Die leerders wat onder 50% gekry het, is die wat nie weet hoe om hulself in Afrikaans uit te druk nie.




**(b) Why was the question poorly answered?**

Die begripstoets se leesstuk is relevant en interessant en leerderskan lewenslesse daaruit leer**.**

1.1.1 In hierdie vraag het baie leerders "27-jarige" as hul antwoord gegee. Indien leerders hul antwoord binne die vraag gelees het, sou hulle besef het dat "jarige" oorbodig is. Leerders kopieer dus hul antwoord direk uit die teks.

1.1.2 Leerders het "320 miljoen" geskryf in plaas van "meer." Weereens het hulle nie hul antwoord in die konteks van die vraag gelees om dit te kontroleer nie, en verloor dus die punt.

1.2 By die antwoord op vraag 1.2 is dit duidelik dat die leerders nie die funksies van die koppelteken ken nie.

1.3 Leerders ken nie die betekenis van die idioom "op eie stoom" nie.

1.9 Antwoorde was onvolledig. Leerders het net 'n enkele woord geskryf soos "onsensitiewe" en "plekke" in plaas van "onsensitiewe taal" en "gevaarlike plekke."

1.11 Leerders ken nie die betekenis van "persoonlike bande" nie en kon dus nie hierdie vraag beantwoord nie.

1.12 Leerders lees die vraag nie behoorlik nie en antwoord "Kaapstad" in plaas van "2022."

1.14, 1.15 Die hoërorde-vrae was 'n uitdaging vir die kritiese denke van die kandidate.

1.16 Omdat leerders nie weet wat die woord "ondersteun" beteken nie, het hulle dus nie geweet hoe om die foto by die teks te laat aansluit nie.

**TEKS B:** Leerders weet nie hoe om 'n voetnota te lees en te interpreteer nie. Verder bestudeer leerders die visuele teks nie noukeurig nie en mis dus belangrike inligting.

**(c) Provide suggestion for improvement in relation to teaching and learning**

- Meer leesbegripoefeninge moet in die klas gedoen word.
- Onderwysers moet hul vraestelle volgens die standaard en formaat van die nasionale vraestel opstel.
- Onderwysers moet doelbewus daarvan 'n punt maak om Afrikaans **aantreklik en genotvol** te maak. Speel Afrikaanse musiek in die klas en moedig leerders aan om saam te dans - dit kan op 'n natuurlike manier hul woordeskat verbreed. Die lirieke van hierdie liedjies kan ook as inspirasie vir opstelle dien en interessante invalshoeke skep.
- Om **Afrikaanse films met Engelse onderskrifte** te kyk, help leerders om meer gemaklik met die taal te raak. Dit is belangrik dat Afrikaans **nie deur Engels onderrig** word nie; vir baie leerders is die klaskamer soms die enigste plek waar hulle die taal werklik hoor.
- 'n Verdere manier om woordeskat uit te brei, is om **temagebonde woordelyste** te gebruik en dit gereeld te hersien of te toets, sodat leerders nuwe woorde kan vaslê en selfvertroue in hul taalgebruik kan bou.
- Stel Afrikaanse tydskrifte, soos ***Kuier*** aan die leerders beskikbaar om te lees en advertensies te bestudeer.
- Help leerders om moeilike woorde op te breek in voor – en agtervoegsels en dan die stamwoord te identifiseer wat soms 'n duidelike verband met Engels het.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

- Leerders kan nie vrae deeglik lees en interpreteer nie, want hul woordeskat is gebrekkig.
- Hulle lees nie hulle antwoorde in die konteks van die vraag nie en verloor dus onnodige punte.
- Leerders sukkel verder om figuurlike taal te verduidelik en sal die vraag en paragraafverwysing as riglyn gebruik en dele direk uit die teks as antwoord aanhaal.
- Indien die vraag se statistiek in ag geneem word, was die hoë-orde vrae uitdagend en kon net 'n sekere persentasie leerders dit beantwoord.
- Die lae-orde vrae is goed beantwoord, maar tog was daar nog steeds leerders wat uiters swak in Vraag 1 gevaar het omdat hulle nie die taal verstaan nie.
- Leerders bestudeer nie genoeg visuele tekste ter voorbereiding van die eksamen nie, en die onderrig in hierdie verband (veral Vraestel 1) word afgeskeep.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors and for teacher development**


- Meer onderwyserontwikkelingsprogramme.

- Werkswinkels met duidelike riglyne in verband met die nasien en vereistes van Vraestel 1 om groter inklusiewiteit te bevorder.
- Groter samewerking tussen laer - en hoërskooltaalonderwysers om die leerders beter voor te berei. Byvoorbeeld die aanleer van die ontkennende vorm en ander taalaspekte.

**VRAAG 2**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die beantwoording van die opsomming was beter as in 2024. Die gemiddeld van die vraag was 60% teenoor 51% in 2024.




**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Wanneer leerders die opsomming beantwoord, laat hulle kernwoorde uit en oorskry die woordgrens, wat veroorsaak dat hulle punte verloor.
- Baie het onvolledige idees aangebied sonder 'n werkwoord.
- Leerdershet nie die nodige antwoord op die vraag gegee nie en het eerder direk uit die teks aangehaal.
- In sommige gevalle skryf die leerder 'n Engelse woord, wat die merker moet ignoreer, en dan is die sin onvolledig.

**(a) Provide suggestion for improvement in relation to teaching and learning**

- Die opsomming moet gereeld in die klas geoefen word en leerders moet bewus gemaak word van die rubriek en die implementering daarvan.
- Leerders moet geleer word dat elke sin in die opsomming 'n werkwoord moet hê.
- Onderrig die leerders om die instruksies van die opsomming te volg.
- Leerders moet aangemoedig word om 'n beplanning vir die opsomming te doen om

onnodige uitkrap te vermy.

- Leerders moet verder geleer word om een feit per sin aan te bied, want slegs die eerste sin in 'n kolpunt of nommer word gemerk.

**(b) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

- Leerders ken nie die verskil tusssen wenke, feite, voordele en nadele wat in die opsomminginstruksies voorkom nie.
- Verder sukkel leerders om die kerngedagte in die sin te identifiseer. Hulle gee liefs die uitbreiding.
- Leerders begin nie altyd 'n nuwe sin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt nie.
- Werkwoorde word weggelaat en laat dus die sin onvolledig.
- Leerders oorskry die woordgetal.
- Leerders probeer soms die 'n feit in hul eie woorde oorskryf, maar verander dan die betekenis daarvan.


**(c) Any other comments useful to teachers, subject advisors and for teacher development**

- Leerders moet leer om die kerngedagte in sinne te identfiseer. Hulle moet kan onderskei tussen die kerngedagte en die uitbreiding.
- Leerders moet die verskil tussen wenke, voordele, nadele en feite geleer word.
- Leerders met 'n gebrekkige Afrikaans vermoë moet eerder geleer word om direkte aanhalings te skryf.
- Leerders moet geleer word dat indien hulle een woord in 'n sin invoeg of uitlaat, dit nie meer 'n direkte aanhaling is nie.

**VRAAG 3**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Vraag 3 is effens beter beantwoord. Die gemiddeld was 45% teenoor die 43% van 2024.




**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

3.1 Leerders sukkel om 'n spelfout in 'n sin te identifiseer.

3.2 Leerders kan 'n retoriese vraag identifiseer, maar ken nie die funksie daarvan nie. In plaas daarvan om die vraag te beantwoord, gee hulle die definisie of 'n generiese antwoord.

3.3 Leerders beskik nie oor die woordeskat om die betekenis van "mening" in die vraag duidelik uit te druk nie. Leerders verstaan ook nie die woordspeling in "letterveertjies" nie en sukkel daarom om die vraag te beantwoord.

3.4 Sommige leerders verstaan nie die stelling nie en sukkel daarom om die teendeel te bewys.

3.7.1 Leerders haal direk uit die teks aan: "Besoek ons webtuiste: www.letterveertjies.org," en beantwoord dus nie die vraag nie.

3.7.2 Leerders weet nie aan watter vereistes 'n advertensie moet voldoen nie. Dit blyk duidelik uit hul antwoord op hierdie vraag.

3.8 Leerders weet nie wat die vereistes van 'n advertensie is nie.

3.9 Leerders verwar die prentjies met die pryse wat in blokvorm aangebied word.

**(c) Provide suggestion for improvement in relation to teaching and learning**

- Leerders het meer oefening in advertensietegnieke nodig.
- Advertensiewerkvelle moet aan leerdersgegee word waar advertensieterminologie voorgehou en getoets word.

- Leerders kan advertensietegnieke in groepe oefen deur hul eie advertensies te ontwerp wat aan al die vereistes voldoen.
- Leerders kan die advertensie dan in "potgooi"-formaat aan die klas voorlê en as deel van hul voorbereide mondeling aanbied.
- Klas evalueer die advertensie na aanleiding van die vereistes van 'n goeie advertensie.
- Advertensietegnieke en -teminologie word dus op 'n kreatiewe wyse geleer.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

- Leerders antwoord nie in volsinne nie. Hulle los werkwoorde uit en dan maak die antwoord nie sin nie.
- Leerdersprobeer ook antwoorde voltooi met Engelse woorde wat dan die stelling onduidelik of onwaar maak.
- Daar is ook baie anglisismes in die leerdersse antwoorde sigbaar en daardie woorde word ook geïgnoreer omdat dit die antwoord onduidelik maak.
- Leerders het 'n gebrekkige woordeskat en sukkel dus om hul te verwoord.
- Algemene kennis by leerders onderbreek.


**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors and for teacher development**

- Meer advertensietegnieke moet geoefen en geanaliseer word.
- Meer werkswinkels moet vir onderwysers gereël word om hulle te bemagtig om visuele tekste te onderrig.

**VRAAG 4**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie vraag is aansienlik swakker deur leerders beantwoord. In 2024 was die gemiddeld van die vraag 68% teenoor die 45% van 2025.




**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

4.2.1 Leerdersken nie die terminologie "tegniek" nie en het verder nie besef dat hulle die progressie moes uitwys nie. Hulle het net gefokus op die feit dat Anna kwaad is vir Sara en het nie genoem dat sy kwater raak nie.

4.2.2 Leerdersbeskik nie oor die woordeskat om hulself uit te druk en die vraag sinvol te beantwoord nie.

4.3 Leerdersken nie die betekenis van die woord "bewegingslyn" nie en raai dus die antwoord.

4.4.1 Leerders beantwoord die vraag verkeerd omdat hulle die vraag nie verstaan nie en ook nie die betekenis van die woord "rustig" ken nie.

4.4.2 Leerders ken die terminologie wat in hierdie vraag gebruik word en identifiseer en verduidelik dit korrek, maar hulle is nie in staat om die terminologie toe te pas op die konteks van die visuele teks nie en gee slegs generiese antwoorde wat verkeerd gemerk sal word omdat dit nie op die karakter en die plot van die visuele teks van toepassing is nie.

4.5 Leerders weet nie hoe om die direkte en indirekte rede te beantwoord nie. Dit dui daarop dat taalaspekte nie in die klas hersien is nie.

4.6 Leerders weet nie hoe om die infinitief te vorm nie en volg nie die instruksie in die vraag om die volledige sin neer te skryf nie.

4.7 Leerders weet nie wat die betekenis van die woord "geloofwaardig" is nie.

**(c) Provide suggestion for improvement in relation to teaching and learning**

- Daar kan baie gefokus word in die klas op figuurlike en letterlikke taalgebruik wat die leerders ook in staat stel om buite die boks te dink en tussen die lyne te lees vir versteekte boodskappe.
- Baie hersiening kan gedoen word met visuele tekste en strokiesprente om al die verskillende moontlikhede in te oefen.
- Dit moet ook duidelik aan leerders gemaak word dat "gesigsuitdrukking" en "liggaamstaal" nie voldoen as antwoorde nie; die leerders moet spesifiek oor die liggaamsdeel praat wat van toepassing is.
- Baie oefening uit ou vraestelle is noodsaaklik.
- Leerders moet die terminologie soos spraakborrel, dinkborrel, teksuele bewyse, visuele bewyse, gesigsuitdrukking, liggaamshouding, vetgedruk, lettertipe en sigbare verandering in strokiesprente geleer word.
- Figuurlike taalgebruik moet versterk word om die leerders te leer van byvoorbeeld progressie en ironie.
- Leerders kan geleer word dat indien hulle die naam van 'n leesteken nie ken nie byvoorbeeld die uitroepteken, kan hulle die uitroepteken teken (!).

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

- Leerders is geneig om oor die algemeen vrae te beantwoord en dit nie spesifiek van toepassing op die vraag te maak nie.
- Leerders moet geleer word om sleutelwoorde in die vrae uit te lig en dan op daardie sleutelwoord te fokus om die vraag voldoende te beantwoord.
- Leerders verstaan duidelik nie wanneer 'n vraag 'n aksie of 'n emosie vereis nie.
- Leerders sukkel om progressie te verwoord.


**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors and for teacher development**

- Plakate wat strokiesprenttegnieke uitbeeld kan gedruk en in klaskamers vertoon word.
- Leerders kan strokiesprente met geen woorde en dan hul eie woorde of gedagtes invul.
- Leerders kan hul eie strokiesprente ontwerp en dit in die klas uitstal.
- Dit kan as 'n groepaktiwiteit aangebied word, waar die een groep die strokiesprent ontwerp, die ander groep plaas woorde by en 'n ander groep ontwerp die vrae en die hele klas doen die aktiwiteit.

**VRAAG 5**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Vraag 5 is aansienlik beter deur die leerdersbeantwoord in vergelyking met verlede jaar. 2024 was die gemiddeld van die vraag 23% teenoor die 43% van 2025.




**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

5.1.8 In plaas van "Luhan het die kos (vinnig) (vroeg die oggend) (op die perseel) afgelaai," kan die vraag so lees: "Luhan het (die kos) (vinnig) (vroeg die oggend) (op die perseel)." Dan sou die korrekte antwoord wees: "Luhan het vroeg die oggend die kos vinnig op die perseel afgelaai."

5.1.11 Kandidate, en selfs onderwysers, het gewoond geraak daaraan dat die lydende vorm meestal getoets word. Gevolglik het leerdersmet hierdie vraag gesukkel.

5.1.12 Baie min leerdersverstaan die term "lettergrepe." Sommige leerdershet die meervoud van "dankbaarheid" geskryf of die hele sin oorgeskryf en woorde verander.

5.14 Min leerdersweet dat die werkwoord na "daarom" volg.

5.2.1 Sommige leerders verwar die woord "vlieg" met "fliek" en skryf: Ek en my familie het na die vlieg gaan kyk.

5.2.2 Baie leerdersantwoord "blompie".

**(c) Provide suggestion for improvement in relation to teaching and learning**

- Woorde soos "daagliks", "maandeliks", "weekliks" en "jaarliks" moet gereeld beklemtoon word. Onderwysers kan dalk die woorde op 'n plakaat skryf en in die klaskamer opplak waar die leerders dit elke dag kan sien.
- SvTOMPvI kan op 'n plakaat in die klaskamer opgeplak word en gereeld hersien word.
- Voorsetsels is oor die algemeen 'n probleem. Leerders moet dit as uitdrukkings leer, bv. "trots op", bang vir", "tevrede met" ens.
- Onderwysers moet onthou om nie alleenlik lydende vorm te onderrig en te toets nie, maar ook bedrywende vorm. Herinner leerders dat wanneer ons bedrywende vorm vra, moet hulle SvTOMPvI toepas.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

- Leerders moenie woorde korrigeer deur bo-oor letters te krap nie. Leer hulle om die hele

woord dood te trek en oor te skryf.

- Beklemtoon ook dat die intensiewe vorm as een woord gespel word en dat dit DUIDELIK en sonder twyfel na een woord moet lyk. Sommige leerders is onseker en los 'n klein spasietjie tussen bv. pap en nat en laat dit dan oor aan die merker om te raai of dit een of twee woorde is.
- Leerders moet bewus gemaak word van die feit dat hulle 'n lyntjie tussen hul antwoorde moet ooplaat.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors and for teacher development**

- Taalonderrig moet deeglik in die laer grade vasgelê word omdat daar nie in graad 12 tyd daarvoor is nie.
- Indien onderwysers letterkunde in graad 12 onderrig, moet hulle 'n punt daarvan maak om gelyktydig ook taalkomponente te hersien.